



Dag 10 – Daniël in die leeuuil

Blinddoek mekaar en pak dan verskillende stukkies kos/vrugte/lekkernye op die tafel. Help mekaar proe en raai wat hulle eet. Kon jy jou gesin vertrou en eet wat hul jou gegee het? 😊

Woord: Daniël 6

(video van storie ook beskikbaar by: <https://www.bible.com/af/kids>)



Daniël is 'n Israeliet en hy woon in 'n vreemde land. Die mense daar in Babilon aanbid afgode. Maar Daniël is lief vir die Here. En die Here help hom om slim en eerlik te wees.

Die koning van Babilon hou van Daniël. Hy sê: “Ek gaan jou my belangrikste minister maak en almal moet na jou luister.” Die mense is jaloers en sê: “Daniël is 'n Israeliet. Waarom moet hy ons baas wees?”

Hulle sien Daniël bid elke dag tot God. Hulle gaan na die koning en sê: “U moet 'n wet maak dat almal net vir u aanbid, anders moet hulle vir die leeus gegooi word.” Die koning hou daarvan om belangrik te wees en sê: “Dis 'n goeie plan.” Toe maak hy die wet. Hy weet nie hulle wil vir Daniël doodmaak nie.

Daniël hoor ook van die wet, en hy bid: “Here, help my teen die slegte mense.” Haastig gaan die slegte mense na die koning en sê: “U moet Daniël in die leeuuil gooi. Hy gehoorsaam nie u wet nie. Hy bid elke dag tot sy God.”

Die koning is hartseer. Hy wil Daniël red, maar die slegte mense sê: “U het self die wet gemaak”. Nou kan die koning niks doen nie. Hy sê: Daniël, ek hoop jou God sal jou help.” Toe gooi die soldate Daniël in die leeuuil.

God het 'n engel gestuur om die monde van die leeus toe te maak dat hulle nie vir Daniël opeet nie.

Vroeg die volgende môre gaan die koning na die leeuuil en roep: “Daniël? Daniël?” Hy luister...en toe hoor hy Daniël se stem. Daniël leef! Die leeus het niks aan hom gedoen nie, want

Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

'n engel van die Here het gekom en die bekke van die leeuus toegemaak. Die koning maak 'n nuwe wet en sê: "Daniël se God is die lewende God. Hy kan wonders doen. Van nou af moet almal Hom aanbid." Die mense wat so jaloers was op Daniël se planne het nie so goed gewerk nie. God het vir Daniël beskerm.



Gesels as gesin oor die volgende vrae

1. Wat het Daniël drie keer per dag gedoen?
2. Hoe het sy vyande hierop reageer?
3. Hoekom was Daniël toe in die leeuuil gegooi?
4. Hoe het die koning gevoel toe Daniël in die leeuuil gegooi is?
5. Wat het toe gebeur?
6. Ons was dalk nou nog nie in 'n leeuuil nie, maar is ons nie ook soms in situasies wat ons bang maak nie?

Gebed

Help ons om so dapper soos Daniël te wees en niks te vrees nie. Dankie dat U altyd by ons is en ons beskerm.

Aktiwiteit

Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

Wil jy leer hoe om 'n leeu te teken?

